Laerskool President Steyn

Posbus 9149 Verwoerdpark
Alberton 1453
H/V Brink & Braunweg Verwoerdpark

Tel: (011) 902-4904 Faks: (011) 902-5502
Epos: presteyn@mweb.co.za

Geagte Ouer,

Hiermee wil ons net asb graag meer informasie deurgee aangaande registrasies van 2019 se Graad 1's.
Die department sal die openingsdatum aan die media bekend maak eersdaags, maar ons verwag dat dit enige tyd in die middel van April sal wees. Die oomblik wat die datum bekend is kan u aanlyn gaan by www.gdeadmissions.gov.za en dan uself en u kind gaan registreer om sodoende dan aansoek te kan doen by die skool van u keuse. Neem in ag dat daar 3 kriterias is waarvolgens hulle die keuring by 'n skool gaan doen.

1. **U moet binne 5 km radius van die skool van u keuse woon of,**
2. **U moet binne 5 km radius van die skool van u keuse werk of,**
3. **U kind moet reeds n boetie of sussie in die skool van u keuse hê.**

Daar sal geen taalvoorkeure gegee word nie. **Belangrikste van alles om te onthou is dat wie eerste aansoek doen, eerste plek sal kry.**

Indien u enigsins twyfel of nie seker is hoe en wat om te doen nie, kan u ons gerus by die skool kom sien. Ons help graag om die proses baie makliker te maak vir u.

Baie dankie,

Die Hoof,

Laerskool President Steyn